# Kampkrummels

*Nuusblad van Streek Kiepersol van SAWA* *Jaargang 31, No 1* *Oktober 2013*

# ’n Huldeblyk aan wyle Christo van der Merwe

**Nico Spaumer**

In enige mens se lewe ontmoet jy in ’n stadium ‘n persoon wat ’n groot indruk op jou maak en jou bewus maak van die persoon se integriteit en dan besluit jy dat jy graag met hierdie persoon ‘n vriendskapsband sal wil aanknoop; - so ‘n persoon was wyle Christo van der Merwe.
Christo se liefde vir die natuur en die buitelewe was ‘n besondere kenmerk van sy lewe, en so het hy dan ook betrokke geraak by Sawa sowel as die Ere Veldwagters Vereniging.
Ek het Christo leer ken in my jong dae as Dagbestuurslid in Sawa (1982) toe Verwoerdburg streek (vandag Kiepersol) ook Christo se kwaliteite raakgesien het en hom ook betrek het in die streek se bestuur. Daar het hy ook sy merk gemaak en dus ook later die streek se Voorsitter geword.
Dit was dan ook in daardie hoedanigheid dat die Nasionale Dagbestuur Christo raakgesien het en hom vir hoër pligte geoormerk het.
So is Christo verkies op die Nasionale Dagbestuur en het hy vir etlike jare op hierdie bestuur gedien en was hy Nasionale Ondervoorsitter totdat hy verkies is as Sawa se Nasionale Voorsitter in 1995 met my uittrede.
Christo het hom onderskei as ‘n dinamiese leier en het Sawa in daardie jare met onderskeiding gedien en gelei. In sy termyn van ses jaar as Nasionale Voorsitter het
Christo se organisasie vermoë en sy rekenaarvaardigheid van hom ‘n besondere leier gemaak.
Christo is dan ook in 2007 verkies tot Sawa se President en het hy hierdie pos waarop hy baie trots was vir twee jaar beklee waarna hy genoodsaak was om uit te tree.
Christo se sterkpunt en passie was die reël en organiseer van toere. Hy het verskeie streek asook Nasionale toere gereël en self gelei.
Ek was bevoorreg om self van hierdie toere te kon meemaak en was altyd beïndruk met die wyse hoe Christo so ‘n toer kon aanbied en lei. Tot so onlangs as 2012 se Kongres toer na Hartenbos was Christo verantwoordelik vir die reëlings en besprekings. Alhoewel hy self nie hierdie toer kon meemaak nie was die toer deur sy organisasie ‘n groot sukses.
Christo was ook instrumenteel in die reëling van vanjaar se Senior burger Riemland toer alhoewel hy ook hierdie toer nie kon meemaak nie.
Christo het sedert sy uittrede as Nasionale Voorsitter nog altyd belang gestel in Sawa se bestuurstrukture en het elke jaar die Nasionale beplanningsvergaderings getrou bygewoon. Sy kennis van Sawa en praktiese insette was vir ons almal altyd van onskatbare waarde.
So was Christo tot by sy afsterwe steeds betrokke met die byhou van Sawa se Administratiewe reëls en die Besluiteregister.
Christo het ook aangebied om weer ‘n boek te skryf oor Sawa se geskiedenis wat op Sawa se vyftigste verjaardag uitgegee sou word.
Hier laat Christo se afsterwe ’n groot leemte wat moeilik gevul sal word.



*Wyle Christo van der Merwe*

## Lees binne . . .


Oordenking 2
Stigtingslid oorlede 3
Voorsitter sê 4
Redakteur sê 4
Kampnuus 5
Saamtrekke 2013/14 5
Senior Burgers 6
Foto Album 7
Foto album 8
SAWA Kalantjies 9
Verjaardae, lief, leed 10
Voogdelys 11



# OORDENKING

### Oktober

### Gebed

God van liefde en genade.
ons kom buig vandag voor U ter wille van die bejaardes;
mense wie se tentwoning dag na dag meer gehawend lyk,
  maar wat innerlik sterk en kragtig is.
Dankie dat wanneer ons verandering en bederf
  rondom ons en in ons sien,
  U die Onveranderlike is.
Ons aanbid  U as die God wat ons hele lewe beheer:
  die jeug met sy krag en onoorwinlikheid,
  sy lewensvuur en onverskrokkenheid ...
  maar wanneer ons ouer word, word ons geseën met
  rustigheid, vrede en wysheid.
Ons loof U vir hierdie mooiste, mooiste maand wat U gemaak het:
  die dagbreek en die sonsopkoms;
  die volle rypheid van die middaguur;
  die heerlikheid van die sonsondergang;
  die skemeraand en die nagstilte.
Dankie goeie Herder, dat U met ons is tot aan die laaste skof van die pad;
  dat U ons selfs in die ouderdom nie begewe of verlaat nie;
  dat U soos in ons jeug by ons is;
  dat ons net meer bewus word van u ewige arms onder ons.
Ons bid dit in die Naam van  Jesus, ons Verlosser en Saligmaker.

Amen

**Solly Ozrovech  Elke Môre Nuut**

Breër verband

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom*

## Tandartse by Elwierda Apteek

**Dr René Pretorius**

**Dr Tania Erikson**

**Telefoon: 012 653 6154**

SAWA KIEPERSOL

## Streekbestuur 2013-2014

**Voorsitter:** André Baker (083 409 3709) bakera@netactive.co.za

**Ondervoorsitter:** Ronelle King (084 444 8282) ronelle@hscenturion.co.za

**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Christa Bothma, Dewald van Biljon, Lucille Vorster

**Redakteur:** Elma Bronkhorst (082 469 3559) elma.bronkhorst1956@gmail.com

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

# Stigterslid oorlede

Christo van der Merwe, ‘n vorige voorsitter van Kiepersol, is onlangs oorlede. Hy was ook Sawa-president en nasionale voorsitter, Christo van der Merwe, is onlangs in die Unitas hospitaal oorlede. Hy was wyd onder Kiepersol lede bekend en ons bring graag hulde aan hierdie lid wat ‘n veelbewoë geskiedenis in Sawa gehad het.
Christo was sedert Maart 1977 ‘n Sawa-lid met lid nommer 995. Hy was ‘n stigterslid van Streek Verwoerdburg. In 1985 is hy vir die eerste keer op Verwoerdburg (nou Kiepersol) se bestuur verkies. Daarna was hy onderskeidelik sekretaris, ondervoorsitter, en selfs vir ‘n kort rukkie redakteur van Kampkrummels, tot hy in 1989 streek voorsitter geword het. In 1991 word hy nasionale ondervoorsitter en in 1994 nasionale voorsitter. Hy tree na vyf jaar uit tydens Sawa se dertigste verjaarsdag in 1999. In 2007 word daar op sy knoppie gedruk om Sawa-president te wees, ‘n amp wat hy twee jaar beklee het.
Frederik Christoffel van der Merwe is op 21 Januarie 1947 in Roodepoort gebore en matrikuleer in 1964 aan die Hoërskool Roodepoort. Daarna is hy vir ‘n jaar na die Lugmag gimnasium waar hy in die Lugmag koor gesing het. Hy studeer aan die Universiteite van Pretoria en Suid-Afrika (Unisa). Hy begin sy werksloopbaan by Yskor waar hy rekenaaropleiding ontvang. Vanaf Yskor is hy na Bankorp en daarna na Tukkies waar hy afgetree het.
Kiepersol en Sawa, asook talle van sy lede sal Christo van der Merwe om baie goeie redes onthou:
Sy passievolle liefde vir die natuur en die buitelewe: Vanaf sy kleuterjare het hy saam met sy ouers die Wildtuin leer ken waarheen hulle soms net vir ‘n naweek ‘n paar keer per jaar gaan vakansie hou het. Hierdie tradisie is deur sy lewe voortgesit en hy was later ‘n ere veldwagter. Hy was lief vir die diere, die bome, die veld, die voëls en die lug.
Later jare het die gesin ‘n woonwa aangeskaf en dit word vertel dat hulle soms net vir ‘n Sondagagtermiddag die woonwa gehaak en by ‘n nabygeleë woonwapark uitgespan het. Talle saamtrekke sou volg en hy het deur Sawa se range tot op die hoogste vlak beweeg. Hier het ons hom leer ken as die diep denker en inspirerende leier wat deur sy voorbeeld voor gevat het.
-Ons al hom ook onthou vir sy liefde vir mense en goeie verhoudinge wat hy gehad het met sy gesin, kleinkinders, familie, Sawa-vriende en kennisse.
-Ook vir sy liefde vir sy taal Afrikaans. Dit het uiting gevind in die talle artikels, rubrieke en briewe wat hy vir Sawa en ander publikasies en die internet geskryf het. -Hy het baie en wyd gelees. Op sy bedkassie was altyd ‘n hele paar boeke, sommige diep filosofies, wat hy ingedrink het.
-Hy was ook lief vir musiek: Hy en Martie het baie keer duette op die klavier gespeel. By al die ander *genres* het hy ook ‘n sagte plekkie vir tradisionele boeremusiek gehad.
-Die humor het ook nie uitgebly nie! Hy en Martie was saam op skool en sy en haar maats het vir Christo by geleentheid afgerig vir ‘n ballet uitvoering! Dit het hierdie eerste span vaskopstut se spanmaats glad nie beïndruk nie! As student in Huis Olienhout (UP) was hy ook altyd ‘n bok vir sports.
Ons groet ‘n geliefde mens wat ons goed leer ken het in die SA Woonwa-Assosiasie. Hy was nie net groot van gestalte nie, maar ook groot van gees.
Ons eer sy nagedagtenis.

**(Huldeblyk deur Johann Lemmer)**

**Kiepersol**

**Die Voorsitter sê:**

## Streek Kiepersol het baie om voor dankbaar te wees oor die afgelope 30 jaar.



Dit is weer die begin van 'n nuwe SAWA jaar met nuwe uitdagings waar ons in die jaar alreeds, die AJV, die kongres en 'n gebiedskamp gehou het. Soos almal weet het ons tydens die AJV ook ons dertigste verjaarsdag gevier, waar ek gese het dat ons oor die laaste dertig jaar baie het om oor dankbaar en trots te wees. Net kortliks die streek het twee Presidente en verskeie dagbestuurslede opgelewer, ons lede het verskeie toekennings ontvang op gebied en national vlak. By die AJV het ons ook hulde gebring aan ons uitgetreede redakteur Johann Lemmer vir sy onbaatsigtige 18 jaar diens aan Kiepersol maar ook aan SAWA en ons gaan hom mis.

Dan in die selfde asem wil ek graag vir Elma Bronkhorst verwelkom as ons nuwe redakteur en haar alle voorspoed en sterkte toewens vir die groot taak.

Baie geluk ook aan die lede wat by die AJV vereer was met toekennings - sien foto album.

**Lief**
Dit is vir my aangenaam om te raporteer dat Dewald van Biljon goed aansterk na sy motorfiets ongeluk, Hy is tans nog in ICU in die Akasia hospitaal waar dit elke dag beter gaan.

**Leed**
Dit is ook met groot leedwese dat ons Christo van der Merwe aan die dood afgestaan het en ons wens Martie en die familie alle strekte toe vir die pad vorentoe.

**Kongres 2013**
Die kongres het goed afgeloop dit is net baie jammer dat die wysigings aan die grondwet om die struktuur van SAWA te verander nie met 'n twee derde meerderheid stemme kon bekragtig word nie. So vir die volgende jaar bly die struktuur onveranderd. Dit is dit ook vir my 'n voorreg om die lede wat toekennings by die kongres ontvang geluk te wens.

**Opvolgbeplanning**
Ons moes die tweede agtereenvolgende jaar diep in ons reserwes delf om die boeke te laat klop. Die bestuur is ernstig besig om bykomende fondsinsamelings geleenthede te beplan. Enige voorstelle van u kant sal waardeer word. Die streekbestuur is ook tans besig met opvolgbeplanning om lede wat graag op die bestuur wil dien te identifiseer en met hulle in verbinding te tree. Hier vra ons ook enige voorstelle. Dis 'n belangrike saak vir die voortbestaan van ons streek en kan nie oorbeklemtoon word nie.

**Kampe**
Die volgende kamp is die naweek van 25 Oktober te Marula (naby Warembad). Dit gaan weer eens 'n lekker kamp geleentheid wees, met die weer wat nou al so warm is, is die oord toegerus met al die nodige onspannings fasiliteite om die naweek saam met mede Sawanante te geniet.

Ek sluit graag af met die volgende:
"Soms is jou vreugde die bron van jou glimlag maar soms kan jou glimlag die bron van jou vreugde word."

Thomas Edison

**Die Redakteur sê:**

## 'n Nuwe era vir Kampkrummels begin



Kiepersollers, ek begin my termyn as redakteur van die Kampkrummels met die volgende aanhaling van Juliana van Norwich - O mens, glo in God met al jou mag, want hoop berus op geloof, liefde op hoop en oorwinning op liefde.

Hierdie is die nuusbrief van en aan die lede van die streek. Ek wil u nooi om vir my nuus en artikels te stuur wat ons kan publiseer.

Dit is vir my n groot voorreg om die as redakteur by Johann oor te neem, en wat 'n groot paar skoene is dit nie om vol te staan nie.

# Lekker Kampnuus



## Klein Paradys AJV
## Kiepersol word 'n jonge 30!

### Ronelle King

As 'n mens kyk na die goeie opkoms met ons afgelope AJV tydens die naweek van 23 tot 25 Augustus, kan ons tereg sê ons streek is nog energiek en jonk, alhoewel dankbaar oor entoesiastiese en goeie leiers en lede wie se skoene ons moet volstaan. Eintlik het ons feesvieringe al begin met die pragtige gedenkuitgawe van ons Kampkrummels om ons dertig jaar te vier.

Die aankoms by Klein Paradys was met 'n verwagting van lekker dinge wat voorlê. Ons boekevat, wat telkens deur gerekende lede aangebied is, was besonders. Die saam woel en werfskaf, nuwe bande gesmee en oues versterk. Dankie aan elkeen wat gehelp het en ook bygedra het tot die mooi gees waarin ons vergadering kon plaasvind. Met 'n verjaardagbanier, kolwyntjies en koekies, kon ons na die vergadering saam smul en lekker tee drink.

Die aand se smaakvolle, keurige kaas- en wynfunksie en gepaardgaande outydse sokkie was 'n hoogtepunt en almal het lekker gekuier en gedans.

So tussendeur was daar heelwat verrassings ook: Pieter en Nelmarie het verloof geraak; sy het die Sondag verjaar en Eric het Christa Saterdagaand verras met 'n vroeër terugkoms uit Angola!

Ons tradisionele afsluiting met koek en tee het gesorg dat menige eetplan die loef moes afsteek!

Weer eens het elke Kiepersoller na 'n herinnering ryke naweek besef dat saamkamp, kuier en verjaar 'n moet is om batterye gelaai te hou! Nogmaals dankie aan 'n ieder en 'n elk vir ekstra hande met regmaak en opruim!

# Saamtrekdatums

## Saamtrekke vir 2013

**14 - 15 November: Afsluitingsfunksie**
**Joos Bekker - Kersete en nie 'n Kersboom nie.**

## Saamtrekke vir 2014

**23 - 24 Januarie: Onverwags Woonwa Park**

**22 - 21 Februarie: Kokoriba**

**13 - 14 Maart: Hartbeeshoek**
**(Sen Burger vanaf 10 –13 Maart)**

**17 April: Presidente – saamtrek –Klipdraai**

**22 - 23 Mei: Marula**

**19 - 20 Junie: Weesgerus saam met Waterberg Streek (Sen Burger vanaf 16 -19 Junie)**

**24 - 25 Julie: Manyane**

**14 - 15 Augustus: AJV– Klein Paradys**

**18 - 19 September: Nasionale Saamtrek**

**16 - 17 Oktober: Kongres - Buffelspoort**
**Afgevaardigdes plus twee gaste**

**23 - 24 Oktober: Bass Lake**

**13 - 14 November: Joos Becker**

## Senior Burger Toer 2014

**25 Oktober - 8 November Toer - Drakensberg**

## Fonds insameling 2014

**1 Maart - Mandjie dans**

# Foto Album - AJV Toekennings



**Johanna van Biljon**
**Gebied Ere**
**Pieter van Biljon**
**Gebied Ere Hoër Graad**



**Hannie & Hennie Ferreira**
**Gebied Meriete**
**Streek Ere Hoër Graad**



**Martiens & Bets Joubert**
**Streek Ere Hoër Graad**



**Schalk & Marianne Nolte**
**Streek Meriete**
**Streek Ere**



**Pierre & Jo de Villiers**
**Streek Meriete**



**Rigard Lemmer**
**Streek Meriete**



**Magriet & André Baker**
**Streek Meriete**



**Willie & Elma Bronkhorst**
**Streek Meriete**



**Fanie & Marie Marx**
**Streek Meriete**



**Willem Nordejé**
**Streek Meriete**







**Kiepersol by die Kongres**

**Willie & Elma Bronkhorst, Seef & Susan Delport, Alet & Johann Lemmer, Jannie & Ina vd Berg, Frieda Burger, Marie & Fanie Marx, Johanna & Pieter van Biljon**

**Toekennings**
**Seef Delport - Nasionale Meriete**
**Johann Lemmer - Beste Nuusbrief**
**Frieda Burger - Nasionale Meriete**
**André Baker - Nasionale Meriete**
**Schalk Nolte - Beste Nuusbrief Bydrae**

# Foto Album



**Bestuur 2013/2014**
**Agter: Elma Bronkhorst, Lucille Vorster, Dewald van Biljon, Christa Bothma**
**Voor: Ina vd Berg, André Baker, Ronelle King, Rigard Lemmer, Frank Smith (inlas)**



**Oom Gert Rall open die AJV met gebed**



**André Baker saam met Dagbestuur en Gebiedsverteenwoordigers**
**Willie Bronkhorst, André Knoetze, Jurie Dreyer, JJJ van Rensburg, Martin Rix, Fanie Marx**



**Besoekers en lede by AJV**
**JJJ van Rensburg, Johanna & Pieter van Biljon, Martiens Joubert, Hennie Ferreira**



**Verjaardag Koektafel**



**Informele Kaas & Wyn Dinee**
**Heerlik voorbereide voedsel**



**Informele Kaas & Wyn Dinee**
**Heerlik voorbereide voedsel**



**Informele Kaas & Wyn Dinee**
**Celeste & Thys Botha, MC de Swart, Willie Lubbinge, Marie de Swart**



**Informele Kaas & Wyn Dinee**
**Kittie & Jurie Dreyer, Dean, Seef Delport**




**Informele Kaas & Wyn Dinee**
**Elma Bronkhorst, André & Juliana Knoetze, Kittie & Jurie Dreyer**



**Die beeldjie in die Tuin van Eden spreek boekdele**



**Henco Botha**
**Gimnastiek Zone Kompetisie**
**Vloeroefening 1 ste plek**
**Algehele posisie 4de plek**



Seniors



**Frank Smith**

## BESOEK AAN MAPATIZA EDELSTENE TE CROWTHORNE IN MIDRAND

Op 11 September 2013 het Johann en Alet Lemmer, MC en Marie de Swardt en Frank en Hettie Smith besoek gebring aan die Mapatiza Edelstene by Crowthorne in Midrand. By ons aankoms en net nadat ons die terrein betree het, is ons getref deur die hope onverwerkte en ru halfedelgesteentes. Die eerste blik op hierdie “klippe” laat ‘n mens wonder of daar ooit iets sinvol daaruit gemaak kan word. Ons het besluit om nie die begeleide toer, insluitende ‘n besoek aan ‘n kunsmatige korterige myn te onderneem nie, maar om self die hope “klippe” te besigtig. Daar is egter eers in die goeie SAWA tradisie iets vir die fisiese welsyn by die restaurant gaan soek.
Nadat daar heerlik ge-eet en gedrink is het ons die vertoonlokaal besoek. Mens is verstom om te sien wat daar van die ruwe “klippe” gemaak kan word. Onder meer word die fynste en mooiste oorbelle, nekhangertjies en ringe ten toon gestel. Die naam van die halfedelstene word by die uitstallings vermeld en by sommige uitstallings word die land van herkoms ook genoem. So is daar onder meer “klippe” wat van Botswana, Zambië en Madagaskar af kom. ‘n Mengelmoes van verskillende gepoleerde stene in verskeie grootte word ook te koop aangebied. Daar is onder meer ‘n groot houer met die mooiste en blinkste tieroog beskikbaar. Die verwerking van die ruwe “klippe” en die vervaardiging van die juweliersware word op die perseel gedoen.
Die eindproduk is werklik iets begeerlik. Soos verwag kan word en gedagtig daaraan dat dit ‘n arbeidsintensiewe onderneming is, is die pryse vanselfsprekend nie goedkoop nie. Tewens, nie een van ons het iets gekoop nie, maar het maar met verlangende oë alles gade geslaan stomgeslaan oor die mens se skeppende vermoë.

**DINSDAG 26 NOVEMBER 2013 OM 10:00**

Ontbyt te Mike’s Kitchen in die Mayville Mall. Laat weet asseblief vir Hettie Smith by 012 654 3135, selnommer 082 8825299 of E-pos frank.hettie@vodamail.co.za indien jy die geleentheid wil bywoon.

**Frank Smith**

## Hiermee ietsie oor die stap in die Pretoria Nasionale Botaniese Tuin.

Een van die uitstappies vir 2013 was gereel vir Dinsdag 30 Julie by die Pretoria Nasionale Botaniese Tuin. Net twee van ons Kiepersollede sou saamgaan maar moes toe ongelukkig weer kanselleer. So jammer geen van die ander lede het van die geleentheid gebruik gemaak om dit saam met ons, Frank en Hettie en twee van ons vriende, te gaan geniet nie.
Die voorafgaande week het ons heerlike sonskynweer gehad, maar Dinsdagoggend is dit toe effens koud en deinserig buite. By die tuin aangekom was ons verras om so baie seniors daar te sien. Daar was bussies van drie aftree-oorde wat van hulle inwoners gebring het vir die stap, en ons tel toe so vinnig ongeveer 60 mense wat half nege geregistreer het. Daar was selfs 'n bussie van Boksburg met bejaardes.
Daarna was daar 'n jonge dame wat almal eers bietjie strekoefeninge laat doen het om die spiere los te kry voordat die stappery net na nege begin het. Die distansies was l, 2.2, en 5km, en dit was elkeen se keuse watter roete jy wou stap. Ons vier vriende besluit toe dat die manne die 5km sal stap en ons dames die 2.2km. Ons het redelik vinnig gestap en toe ons by by restaurant kom het ons besluit om 'n koppie koffie te drink voor ons terugstap na die eindpunt. Daar aangekom was die manne reeds terug en kon nie verstaan wat van ons geword het nie.
By die eindpunt was daar 'n lekker bederf. Tee, koffie, warm sop en broodjies om die koue te verdryf. Die "nagereg" vir elkeen was outydse konfyttertjies. Langs die saal was 'n egpaar wat jasse en baadjies verkoop het. Dink nie hulle het aftrek gekry nie want elkeen wat vroeg aangekom het was behoortlik gestewel en gejas.
Nadat almal weer vertrek het, het ons vier vir ongeveer nog 'n uur rondgestap voordat ons middagete gaan nuttig het by die Restaurant.

**DINSDAG 10 DESEMBER 2013 VANAF 09:30**

‘n Bring en braai te Maraisdam (ook bekend as die Hippo Pool). Toegang vir seniors beloop gewoonlik R20-00 per persoon. Na die braai kan ons gaan koffie drink by die restaurant. Laat weet asseblief vir Hettie Smith by 012 654 3135, selnommer 082 8825299 of E-pos frank.hettie@vodamail.co.za indien jy die geleentheid wil bywoon.

Storiewerf vir kleuters

# Sawa Kalantjies

## Kleuter verse boek

### Duimpie

Duimpie,
Duimpie se maat,
Langeraad,
Fielafooi,
Pieps in die kooi.

### Trein ry

Sakke, pakke,
sout en peper;
gee my stoom
Dan loop ek beter!

### Die ABC

**A** is vir AAP,
hy kou aan 'n raap.
**B** is vir BROOD,
eet dit en word groot.
**C** is vir CEYLON,
waar ons tee vandaan kom.
**D** is vir DIER,
van 'n tier tot 'n mier.
**E** is vir EEND,
wat loop in die reent.
**F** is vir FLITS,
dit skyn in 'n kits.
**G** is vir GEK,
wat skewebek trek.
**H** is vir HOED,
haal dit af as jy groet.
**I** is vir INSEK,
met ses pote en 'n bek.
**J** is vir JAS,
wat hang in die kas.
**K** is vir KAT,
voor muis se gat.
**L** is vir LINT,
wat my hare vasbind.
**M** is vir MA,
wat kos aandra.
**N** is vir NAG,
met die sterre se prag.
**O** is vir OS,
gras is sy kos.
**P** is vir POU,
wat sy stert oopvou.
**Q** is maar Q
ons gebruik dit amper nie.
**R** is vir RYS,
by sous en vleis.
**S** is vir SLANG,
wat paddas vang.
**T** is vir TOL,
hy draai so dol.
**U** is vir UIL,
wat snags sit en huil.
**V** is vir VARK,
gekoop op die mark.
**W** is vir WOL,
gedraai in 'n bol.
**X** is vir XHOSA,
wat osse aanja.
**Y** is vir YSKAS,
dit hou ons kos vars.
**Z** is vir ZOELOE,
van Umzimkulu**.**

ALMA haarsalon

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

**ELWIERDA APTEEK**
Elwierda@mweb.co.za
Noodnommer 082 460 0162

**Kom maak kennis en kry:**
- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

**Elwierda Apteek**
Koedoestraat 184 Wierdapark

**Telefoon** 012 653 6153 012 653 6172
**Faks:** 012 653 6175

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***

**OKTOBER**

02 - Rigard Lemmer
05 - Stef Maritz
08 - RM Lombard
09 - Mieke Michau
12 - Johan van der Ende
14 - Annemarie Olivier
15 - André Baker
17 - Johann Lemmer
20 - Frieda Burger
25 - Madelein v/den Berg
28 - Louis v/den Berg

**NOVEMBER**

12 - Rolène Whelan
17 - Wouter van Biljon
21 - Hannie Ferreira
24 - Lucille Vorster
25 - JJ Joubert

**DESEMBER**

12 - Manie Brits
12 - Anna Henning
12 - Johanna van Biljon
20 - Andries Claassens
20 - Mike du Preez
20 - Willem Nordejé
21 - Johan Jordaan
21 - Quinton Prinsloo
22 - Martiens de Swardt
25 - Chris Joubert
26 - Elma Bronkhorst
27 - Alet Lemmer
30 - Hennie Ferreira

## Al die Kiepersol lede

Ons wil graag weer julle besonderhede kry dat ons seker maak julle kry die SMSse, E-posse en die Kampkrummels.

Die volgende besonderhede:
Naam en van
Verjaardae
Telefoon nommers
Selfoon nommers
Posbus
Woonadres
E-pos
Lidnommer

# Lief en Leed



## Lief

Christa Bothma se dogter Nel-Marie het verloof geraak aan Pieter tydens die AJV naweek. Christa se seun Henco het Saterdag 31 Augustus 2013 aan die jaarlikse gimnastiek Zone kompetisie deelgeneem. Hy het hier 'n 1ste plek vir vloer ontvang en 'n algehede 4de plek. Baie geluk Henco.

Hennie en Hannie Ferreira gaan oupa en ouma word van hul oudste-dogter Maudi en haar man Conrad.

Whitey en Annelie-hulle gaan oupa en ouma word van Kobus en Zelda.

Pierre en Iloma de la Harpe het oupa en ouma geword van 'n kleindogter. Baie geluk aan hulle.

Pieter en Rita Hanekom het oupa en ouma geword van 'n kleinseun. Baie geluk aan hulle.

Ronelle King is Huisgenoot se Super Onnie van die week.

Frank en Hettie Smit se huis is verkoop.

## Leed

Christo van der Merwe is oorlede.

Ina van den Berg was in die hospitaal.

Seef Delport sukkel nog met sy oog. Sterkte aan hom.

Hettie Smith se suster-hulle het 'n gewapende roof gehad. Hulle het gelukkig niks oor gekom nie maar is geweldig getraumatiseer.

Oom Jerome Henning het 'n knievervanging gehad. Hy sterk by die huis aan en dit gaan goed met hom.

Martie Maritz het 'n rugoperasie gehad, dit gaan nou beter met haar. Sy sterk tuis aan.

Dewald van Biljon het 'n motorfiets ongeluk gehad en is nog steeds in ICU.

Con Arnold het 'n opersie gehad en dit gaan goed.

Pierre de la Harpe het 'n operasie gehad en dit gaan goed.

# Voogdelys

**André Baker**
H 012 654 6127 S 083 409 3709 bakera@netactive.co.za

Con Arnold, Theo Beneke, Willem Blignaut, Thys Botha, Theuns Botha, Manie Brits.

**Ronelle King**
H 012 664 6611 S 082 859 4763 ronelle@hscenturion.co.za

Willie Bronkhorst, Frieda Burger, Andries Claassens, Pierre de la Harpe, Martiens de Swardt, Pierre de Villiers.

**Rigard Lemmer**
H 012 543 2411 S 082 786 9928 rigard.lemmer@treasury.gov.za

Seef Delport, Mike de Preez, Jake Erasmus, Hennie Ferreira, Andre Groenewald, Pieter Hanekom, Jan Hartzer, Jerome Henning, Guillaume Jordaan.

**Ina van den Berg**
H 012 661 9501 S 081 270 8267 jannie.ina@gmail.com

Johan Jordaan, Chris Joubert, Kokkie Kok, Paul Kruger, Lettie Leach, Leonard Lemmer, Johann Lemmer.

**Frank Smith**
H 012 654 3135 S 082 882 5299 frank.hettie@vodamail.co.za

Thea Lewis, Hennie Lombard, Rudi Louw, Willie Lubbinge, Johan Luus, Stef Maritz, Fanie Marx Jnr.

**Dewald van Biljon**
H 012 661 6015 S 083 709 9936 hvanbiljon@sabiomedical.co.za

Fanie Marx, Alma Michau, Schalk Nolte, Willem Nordejé, Willie Olivier, Bennie Oosthuizen, Willem Pretorius, Quinton Prinsloo.

**Christa Bothma**
S 082 801 3433 christa.bothma@yahoo.com

Louis van den Berg, Johan van der Ende, Martie van der Merwe, Whitey van Heerden.

**Lucille Vorster**
W 012 686 8800 S 084 580 0243 lucille.vorster@gmail.com

Johan van Huyssteen, Poen Venter, Jan Venter, Hennak Visser, Bertus Voges, Melvyn Wessels, Pat Whelan, Enrico Zietsman.

# Loftus Caravan City

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!





***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks bagasiesleepwaens. *Groot uistalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS · Gypsey distinctly different · Sprite LIGHT YEARS AHEAD · SAFARI · HOWLING MOON · VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg h/v Rabiestraat, Fonteinbleau, Randburg.**
**Tel: (011) 792-1456 Fax: (011)793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**
**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**